Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 1/10/2021

LIEF EN LEED

Dit is met leedwese dat die Wonnies afskeid neem van 'n geliefde kollega en kantoortannie. Me. L Brits is skielik van ons weggeneem. Mag haar familie by God se voete vrede vind. Die Wonnies sal haar nooit vergeet nie.

GELUKWENSING: MNR EN MEJ WONNIE

Op Donderdag, 23 September, het die Wonnies hul gala-aand vir die mnr. en mej Wonnie kompetisie gehad. Wat 'n voorreg om teen die agtergrond van ons eie skool, so 'n pragfunksie te ervaar.
Baie geluk aan die volgende wenners:

Debutant: Clarinda Nell
Mnr. Persoonlikheid: Francois van der Merwe
Mnr. Fotogenies: Thinus du Plessis
Mej. Persoonlikheid: Clarinda Nell
Mej. Fotogenies: Leoné du Bruyn

2de Prins: Thinus du Plessis
2de Prinses: Michán Homan
1ste Prins: Marco Reiners
1ste Prinses: Clarinda Nell

Mnr. Wonnie: Frikkie van Jaarsveld
Mej. Wonnie: Duanique Janse van Rensburg

SAGTEBAL: ONS JUFFROU KAN!

Graag wil ons juf. Shrives geluk wens met haar pragprestasie as deel van die SA Masters Sagtebalspan. Sy is aangewys as die beste kolwer met 'n gemiddeld van 733!

WONNIE KALEIDOSKOOP Kunswedstryd

Die Wonnie Kaleidoskoop het vanjaar aanlyn plaasgevind. Daar was in totaal 121 inskrywings. 17 Wonnies het 'n gemiddeld van 90+ behaal en 39 Wonnies behaal 'n gemiddeld van 80+. Sertifikate en uitslae vir die Wonnie Kaleidoskoop kan tydens pouses in O25 afgehaal word.

Die wenners in elke afdeling word op 11 Oktober bekend gemaak.

Afrikaanse Kunsvereniging Pretoria

Tydens die onlangse Afrikaanse Kunsvereniging van Pretoria se jaarlikse kunswedstryd het die Wonnies pragtig presteer! 64 Wonnies het ingeskryf in 99 items. Die afdelings waaraan ons deelgeneem het, sluit in Voordrag, Beeldende Kuns, Instrumentaal, Vokaal, Kreatiewe Skryfwerk en Redenaars. Alhoewel alle afdelings se uitslae nog nie bekend is nie, kan ons reeds spog met die volgende: 12 Wonnies behaal 'n A simbool, 17 Wonnies behaal 'n A+ simbool en 18 Wonnies behaal 'n A++ simbool. In die afdeling Beeldende Kuns word **Henry Jacobs**, Graad 12, aangewys as die **Algehele Wenner vir Hoërskoolleerders** en Die Hoërskool Wonderboom ontvang die toekenning as die **Algehele Wenner vir Beeldende Kuns** in die Hoërskool Afdeling!

Carike Jansen verower die Philna Coetzee wisseltrofee: **Beste Prestasie Hoërskooldogter**. Carike Jansen verower die **Ockert Gerber wisseltrofee**, **Beste Prestasie Ligte Musiek**: Gr8-9 Dogters. Hoërskool Wonderboom verower die **Daniël Verster wisseltrofee**, **Beste Prestasie vir ligte musiek deur 'n Hoërskool.**

NOORDERKRUIN KUNSTEFEES

Tydens die Noorderkruin Kunstefees neem 5 Wonnies deel in die volgende afdelings: Vokaal en Instrumentaal. Die leerders neem deel in verskeie genres en behaal **4 A++** en **22 A+** simbole.

- **Carike Jansen**, Graad 9, presteer fantasties in die vokale afdeling met **4 A++ simbole en 10 A+ simbole**.

KRIEKET SLAAN 'N GRENSHOU!

0/15 vs Hoërskool Overkruin: Die Wonnies wen met 76 lopies. Eduan Kritzinger slaan 87 lopies en Hein Reiners slaan 16 lopies. Tyron J v Noordwyk neem 4 paaltjies en Kevin Fensham 1 paaltjie.
0/14 vs Hoërskool Overkruin: Die Wonnies klop hulle met 3 paaltjies. Werner Landy en Jancu Nel neem elk 3 paaltjies, Carlo Schmahl neem 3 paaltjies en slaan 49 lopies, terwyl Nathan Wilker 22 lopies moker.
0/14 vs HTS John Vorster: Die Wonnies wen met 18 lopies. Carlo Schmahl slaan 39 lopies en neem 5 paaltjies. Jancu Nel neem 2 paaltjies.
Tweede Span vs Hoërskool Uitsig: Die Wonnies wen met 184 lopies. Eduan Kritzinger slaan 51 lopies, Francois van der Merwe slaan 50 lopies en Rivan Stoman slaan 37 lopies. Hein Reiers en Luke Elliston neem elk 2 paaltjies.

Baie geluk ook aan Justin Helena, Hector Masango, Xander Ludeke en Xavier Prinsloo wat hul Eerste Span pette ontvang het.

RAPPORTE: KWARTAAL 3

Dankie aan elke Wonnie vir jul harde werk gedurende dié kwartaal. Op Vrydag, 15 Oktober, sal daar 'n kwartaal 3 rapport uitgegee word.
Let egter op die volgende:
Graad 8-11: Hierdie rapport verteenwoordig slegs kwartaal 3 se punt. In baie gevalle is dit slegs 'n opdrag of taak. Sommige leerders het dus baie goed gedoen, waaroor ons werklik opgewonde is, maar ons moet ook onthou dat die finale eksamen, met volledige toetse steeds om die draai is.

Graad 12: Die Graad 12-leerders ontvang 'n rapport waarop die kwartaal 3-punt meestal 'n refleksie van hul prestasie in die voorbereidende eksamen is. Hierdie is 'n uitstekende aanduiding of die leerder gereed is vir die eindeksamen.

K A R W A S

Op 16 Oktober kan elke Wonnie-ouer uiteindelik sy/haar gunsteling geskenk kry - ‘n skoon kar!
Loer gerus na die aangehegte advertensie en ondersteun die K A R W A S !

SKOOL HEROPEN OP 11 OKTOBER

Graag wens ons elke Wonnie ‘n heerlike ruskans toe. Die jaar tot dusver was maar vol uitdagings en ons hoop dat elkeen waarlik in die kort vakansie kwaliteit-tyd saam met hul geliefdes sal kan deurbring. Die Wonnies sien mekaar dan weer op 11 Oktober.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

KOM NEEM DEEL AAN DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM SE KARWAS-FONDSINSAMELING

Neem foto's saam met Mascots

Hope pret

Musiek

Huiskompetisie

Koeldrank

Chips

KOS

Bring eksta geldjies

CAR WASH

Slegs R20 per kar

Skenkings welkom

16 OKTOBER 2021

SAMURAI

SPARTANE

KNIGHTS

VIKINGS

Bespreek tydens voogperiodes in F2

16 Oktober 2021 van 8vm – 13nm

U kan op die dag net in ry en jou kar was, maar kies die span wat jy ondersteun maai. elke was tel vir huispunte.

Bring jou familie, nooi jou vriende!

Knights